KRUISKERK.co.za
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Johannes 2 : 13-22
**Tema :** Heilige woede : Wat maak jou meer as enige iets anders kwaad? Mag ons kwaad word?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"Hope has two beautiful daughters; their names are Anger and Courage. Anger at the way things are, and Courage to see that they do not remain as they are."
— Augustine of Hippo

"There are three things all wise men fear: the sea in storm, a night with no moon, and the anger of a gentle man."
— Patrick Rothfuss, The Wise Man's Fear

"Anybody can become angry — that is easy, but to be angry with the right person and to the right degree and at the right time and for the right purpose, and in the right way — that is not within everybody's power and is not easy."
— Aristotle

"If you are patient in one moment of anger, you will escape a hundred days of sorrow"
— Rainer Maria Rilke

"The fiercest anger of all, the most incurable,
Is that which rages in the place of dearest love."
— Euripides, Medea and Other Plays

*Coincidence*
*I THINK OF A PERSON I haven't seen or thought of for years, and ten minutes later I see her crossing the street. I turn on the radio to hear a voice reading the biblical story of Jael, which is the story that I have spent the morning writing about. A car passes me on the road, and its license plate consists of my wife's and my initials side by side. When you tell people stories like that, their usual reaction is to laugh. One wonders why.*

*I believe that people laugh at coincidence as a way of relegating it to the realm of the absurd and of therefore not having to take seriously the possibility that there is a lot more going on in our lives than we either know or care to know. Who can say what it is that's going on? But I suspect that part of it, anyway, is that every once and so often we hear a whisper from the wings that goes something like this: "You've turned up in the right place at the right time. You're doing fine. Don't ever think that you've been forgotten."*
-Frederich Buechner-

"Every time I hear a political speech or I read those of our leaders, I am horrified at having, for years, heard nothing which sounded human. It is always the same words telling the same lies. And the fact that men accept this, that the people's anger has not destroyed these hollow clowns, strikes me as proof that men attribute no importance to the way they are governed; that they gamble – yes, gamble – with a whole part of their life and their so called 'vital interests."
— Albert Camus

"Of the Seven Deadly Sins, anger is possibly the most fun. To lick your wounds, to smack your lips over grievances long past, to roll over your tongue the prospect of bitter confrontations still to come, to savor to the last toothsome morsel both the pain you are given and the pain you are giving back--in many ways it is a feast fit for a king. The chief drawback is that what you are wolfing down is yourself. The skeleton at the feast is you."
— Frederick Buechner

"Truth is not spoken in anger. Truth is spoken, if it ever comes to be spoken, in love. The gaze of love is not deluded. It sees what is best in the beloved even when what is best in the beloved finds it hard to emerge into the light."
— J.M. Coetzee, Slow Man

"The problem of unmet expectations in marriage is primarily a problem of stereotyping. Each and every human being on this planet is a unique person. Since marriage is inevitably a relationship between two unique people, no one marriage is going to be exactly like any other. Yet we tend to wed with explicit visions of what a "good" marriage ought to be like. Then we suffer enormously from trying to force the relationship to fit the stereotype and from the neurotic guilt and anger we experience when we fail to pull it off."
— M. Scott Peck, In Search of Stones : A Pilgrimage of Faith, Reason and Discovery

**Wilhelm Jordaan: KI bedreig egte menswees, veral ons gevoelens -Netwerk24**

In een van sy weeklikse boodskappe reken pous Franciskus die mensdom se tegnologiese rykdom kan ’n armoede van die gees skep én ’n gebrek aan egte menslike kommunikasie.

Hy is nie alleen in sy kommer nie. Verskeie ontwikkelings wek by baie mense, insluitende tegnoleiers, diep kommer oor onvoorsienbare skades wat KI en ander tegnologie kan meebring. Die kommer is meesal oor die “groot sake”, soos die gevolge van dinge soos “intelligente” besluitnemende masjiene en ChatGPT.

Maar dit is ook stilweg in die kleine aan’t gebeur – in en deur ons almal se slimfone waar tegnologie die taal “steel” en ons kommunikasie met mekaar verskraal. Ek praat nou byvoorbeeld van emotikons en emoji’s wat ons help om baie vinnig en doeltreffend ons “verkorte” gedagtes en “ingekorte” gevoelens te kommunikeer eerder as in volsinne. Al te lekker, maar algaande word ’n nuwe werklikheid geskep. Skoliere en studente se taalgebruik in werkstukke en eksamenvraestelle bevat alreeds ’n soort sosiale “snelskrif” – taalstotterings in die vorm van halfsinnetjies sonder ’n werkwoord, SMS-erige lettergrepies, eiegemaakte afkortings en piktografiese smileys wat familiêr vir die dosent knipoog!

Verder sukkel ál meer mense vandag met die konvensies van gesprekvoering van aangesig tot aangesig, byvoorbeeld op vergaderings en in klaskamers wat formele dekorum vereis. Sonder die spel van die oë en die lyf se spraak ontbeer ons algaande juis dié dinge wat in alledaagse gesprekke belangrike nuanses, intimiteite en regstellings uitdruk.

Lees ’n mens hierin ook iets van hoe mense hulle in die openbaar en tuis van ander afsluit en liefs gekonnekteer bly met hul “tegnologie”? Sodat hulle die mense om hulle, of selfs die naaste aan hulle, nie hoef te sien, te hoor en met hulle te praat nie? Bloot mode-dinge; foefies wat verbygaan? Miskien iets ingrypender: Die evolusie van ’n nuwe mens wie se waardes, denke en veral hul gevoelens gevorm word deur stukkies en brokkies flitsende sosialemediadata. In sy A Natural History of Human Emotions skryf Stuart Walton emosie is nie maar net opwellinkies van gevoel nie, maar die “rotsbodem” van ons sosiale en kulturele lewe. Wie dít ondermyn, moet algaande al hoe meer steun op die kuberruimte se strakke “digi-taal”, en so word die weg na afstomping gebaan.

Dán word ons soos die karakter Data in Star Trek: The Next Generation – ’n wese met die voorkoms van ’n mens; met vurige oë wat teen ’n verbysterende spoed met ’n magdom van data gekonnekteer is, maar wat één kosbare menslike eienskap kortkom en dit begeer – egte gevoelens. Tegnologie is waardevol, maar die onbedagte aanwending daarvan kan ons menslikheid verwoes. Soos dit beskryf word in Jan Rabie se verhaal “Ek het jou gemaak”, waarin die “skitterende ontwerp-ingenieur” deur sy “robot-bruid” vernietig word.

• Jordaan is ’n ontvanger van die Stalsprys vir sielkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die mening van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.

## BROOD VIR DIE PAD

**Geestelike waardes: Kwesbare kind van hoop vorentoe deur geloof, liefde**

In die kerklike jaar is dit tans Lydenstyd – die liturgiese tydperk wat strek van Aswoensdag tot Paassondag. Sondae uitgesluit, is dit ’n tydperk van veertig dae. Hierdie tydsduur roep die assosiasie op met Jesus se veertig dae in die woestyn voor die begin van sy aardse bediening. Dit is juis daar in die wildernis, so lees ons, dat Jesus honger beleef het en versoek is om ’n ander weg as die kruisweg te gaan (vergelyk Matteus 4:1-11).

In Lydenstyd word daar ook Bybeltekste aan die orde gestel wat fokus op Israel se tyd in die wildernis ná die bevryding uit die slawerny in Egipte, op weg na die beloofde land. Lydenstyd bied daarom die geleentheid om nie weg te skram van hoe kante van ons eie lewe – en ons lewe hier saam – met die beeld van ’n woestyn-tyd verband hou nie.

Trouens, baie sal immers die woorde van die skrywer Annie Dillard kan beaam: “No one escapes the wilderness on the way to the promised land.”
In sy Lydenstyd-boodskap vanjaar, met as tema “Deur die woestyn lei God ons na vryheid”, sluit pous Franciskus dan ook pertinent by hierdie gedagte aan. Hy wys daarop dat Lydenstyd ’n tyd is om eerlik en konkreet na ons werklikheid te kyk, met al die versoekings, ontberings en swaarkry wat daarvan deel is.

Wildernis-ervarings kan egter ook daartoe lei dat ons uitkyk en gemoedstemming gekenmerk word deur wat hy ’n “gebrek aan hoop” noem. En hierdie hoop-tekort, meen die pous, kan net so verlammend inwerk soos die Israeliete se nostalgiese verlange destyds in die woestyn na die tyd van verdrukking in Egipte.

Aan die ander kant, vervolg die pous, is woestyn-tye ook geleenthede waar ons, soos Jesus in die wildernis, in vryheid kan kies teen wrede verleidinge wat onsself en ander verkneg.

Lydenstyd is daarom ’n tyd om, ook deur nadenkende praktyke, ’n bietjie tot stilstand te kom en ons eie lewe en roeping met groter helderheid in oënskou te neem. En hierdeur kan juis kreatiwiteit en nuwe hoop ontspring.

Maar dit verg wel moed in ons dag om te midde van pyn, geweld en oorlog te glo dat die geboorte van iets nuuts moontlik is. Só ’n hoop is delikaat en benodig daarom die ondersteuning van daardie twee ander teologiese deugde: geloof en die liefde.

Of om aan te sluit by die beeld waarmee die pous sy jaarlikse Lydenstyd-boodskap afsluit: “Geloof en liefde neem vir hoop, hierdie kwesbare kind, aan die hand; hulle leer haar om te loop, en terselfdertyd lei sy hulle vorentoe.” – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*